Advokaatsgelde

JL (Mac) van der Merwe SC
Pretoria-Balie



In 'n onlangse hersiening van taksasie het Van Dijkhorst R van die Transvaalse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof (*Aloes Executive Cars*-saak, No 3414/89, 10 Augustus 1990) 'n belangrike bydrae tot die huidige debat oor advokaatsfooie gelewer. Die bekende uitgangspunt, naamlik dat 'n suksesvolle party op taksasie op party en party skaal geregtig is om ten volle gekompenseer te word vir sy koste wat redelikerwys en noodsaaklikerwys ten opsigte van die saak aangegaan is, is herbevestig.

Subjektiewe element

Ten aansien van die vraag wat 'n redelike fooi daarstel, word die benadering van Coetzee R in *Reef Lefebvre (Pty) Limited v SAR & H* 1978 4 SA 961 (W) naamlik om met sy eie fooie ten tye toe hy nog by die Balie was te werk en dit by die dalende waarde van die rand aan te pas, verwerp. Die rede, aldus Van Dijkhorst R, is dat daardie fooie noodwendigerwys 'n subjektiewe element inbring, naamlik die fooiestruktuur van 'n bepaalde regter toe hy nog by die Balie was. Verder word tereg daarop gewys dat die fooie van twintig jaar gelede nie werklik as 'n maatstaf vir huidige omstandighede kan dien nie.* (Dit is interessant om daarop te let dat indien so 'n aanpassing wel gedoen sou word ooreenkomstig bogemelde uitspraak, die fooie heelwat hoër as die huidige gangbare fooie is, soos ook blyk uit Regter Van Dijkhorst se uitspraak.)

Van Dijkhorst R aanvaar dan dat 'n billike fooi bepaal moet word aan die hand van die huidige geldende fooie. Om dít te bepaal, raadpleeg hy vyf ander regters wat in die onlangse verlede aangestel is.

Sy bevinding is vervolgens dat die huidige maatstawwe wat die Takseermeester vir homself bepaal het juis is, naamlik fooie vir juniors van R900 tot R2 800 vir bestrede mosies en vir seniors van R2 200 tot R7 000 vir die eerste dag (insluitende voorbereiding en opstel van hoofde van betoog).

Realisties

Die uitspraak moet verwelkom word as 'n realistiese benadering naamlik om die huidige geldende markprys as basis te aanvaar by die beoordeling van 'n redelike fooi. Dit word aan die hand gedoen dat daar vir individuele advokate ook geen ander maatstaf bestaan om die redelikheid van hul persoonlike fooie te bepaal nie. Net soos die Regter gekyk het na die huidige geldende mark, moet die advokaat dit ook doen en homself iewers op 'n realistiese plek in die mark plaas. Dit word aan die hand gedoen dat die mark as geheel op en af sal beweeg aan die hand van die gewone beginsels van 'n vryemarkstelsel.

Nota
Sien ook die bydrae "Advokaatsgelde en inflasie" en "Counsel's Fees" in 1990 (3) *Consultus* 8 en 10. Dit blyk dat die Balie aktief aandag skenk aan hierdie aangeleentheid.

Vergelykings

Daar is tans heelwat stemme wat opgaan dat advokate nie meer hulle fooie moet bepaal aan die hand van die huidige gangbare markprys nie maar aan die hand van maatstawwe soos die salarisse van Regters of Ministers. Soms word die fooie van advokate ook vergelyk met die verdienstes in ander beroepe soos die polisie of die onderwys.

Dit word aan die hand gedoen dat dit totaal ondoenlik is om die fooie van advokate te koppel aan salarisse in enige ander beroep. Dit sou neerkom op 'n kunsmatige stelsel wat vergelyk kan word met prysvasstelling van items. Die geskiedenis het reeds geleer dat prysvasstelling op die langtermyn geen oplossing vir hoër pryse bied nie. Prysvasstelling veroorsaak tekorte in die mark en ander wantoestande.

Oplossing

Indien daar dus waarheid steek in die bewering dat advokaatsfooie tans oor die algemeen te hoog is (welke bewering nie gestaaf word as gekyk word na die beramings wat gemaak word deur Regter Van Dijkhorst aan die hand van die *Lefebvre*-uitspraak nie), dan lê die langtermyn-oplossing eerder in die bevordering van vrye kompetisie in die geledere van die praktiserende advokate. Daar is duisende persone wat oor die nodige kwalifikasies beskik om 'n loopbaan by die Balie te volg. Indien die huidige advokaatsfooie uitsonderlik hoog is, sal dit hopelik bekwame persone na die Balie lok. Die grootste hindernis in hierdie stadium vir nuwelinge om tot die advokaatspraktyk toe te tree is na my mening die feit dat dit moeilik is om 'n begin by die Balie te maak. Moontlik sal gedink moet word aan metodes om dit vir nuwelinge by die Balie makliker te maak om hulleself te vestig.

Op die korttermyn kan advokate 'n bydrae lewer deur te alle tye deeglik te besin en deur eerder té beskeie te wees as andersom wanneer fooiebepaling ter sprake is. In hierdie opsig is die Algemene Balieraad van Suid-Afrika se onlangse besluit dat Seniors by elke Balie 'n vergadering moet hou om oor die bewering dat fooie te hoog is te besin, 'n goeie eerste stap. ■

*Volledigheidshalwe word die betrokke gedeelte van Van Dijkhorst R se uitspraak hier weergegee:

"This whole exercise hinges, of course, on the fees of Coetzee J during his professional life at the Johannesburg Bar. The fees I am concerned with are those of Pretoria counsel. I can do the same exercise in relation to my own old fee books, which I still have available. I decline to do so, however. With due respect to the learned judges I think that the method applied is incorrect. Not only does it introduce a subjective element, the judge's own antiquated fees, into the exercise, but it also opens the door for intense debate on whether the judge was a high or low priced silk and whether his fees were reasonable. Furthermore it would be absurd to tell the doctor, plumber or butcher that his charges are unreasonable in the light of his tariff of twenty years ago adjusted by the consumer price index. The same reasoning applies in the case of counsel's fees."